



PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld.

15 Mei 2022

Vanoggend

Skrifgedeelte: Handeling 11:1-18

Tema: Almal is welkom

Die kerk was van die begin af 'n verwelkomende gemeenskap.

Ons Program

Vandag

- Formele Erediens om 9:30 (kerk) en 11:00 (Ons Woning) olv ds. Jaco
- Sondagskool & Kategese
- Deuroffer: Gemeente Ondersteuning 2

Sondag 22 Mei

- Kinderdiens om 9:30 (kerk) en 11:00 (Ons Woning) olv ds. Jaco
- Sondagskool & Kategese
- Deuroffer: Gemeentehulp 1

Donderdag 26 Mei: Hemelvaart

- Ons het 'n gesamentlike Hemelvaartdiens om 18:00 in die Gereformeerde Kerk olv ds. Jaco. Hulle nooi ons om ná die diens 'n koppie tee by hulle te geniet.



29 Mei tot 2 Junie: Pinksterbidure

- Vanjaar se Pinksterbidure is in Ons Woning van Sondag 29 Mei tot Donderdag 2 Junie, elke aand om 18:00. Ons gaan vanjaar enkele gedeeltes uit die boek Openbaring lees.



Ons Bybellees-program

Ons lees die boek Ester. Vandag is dit Ester 5.

Lief & Leed



Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week. Baie geluk! Mag dit 'n jaar vol van die Here se seëninge en genade vir elkeen van julle wees.

Mei

20 Janiné Bester; Johan Odendal; Koos Oosthuizen (84j) & Ancois Sheppard

Voorbidding

- Tannie Magna van Loggerenberg is vandeeweek oorlede. Ons dink aan Lina Oberholzer en haar mense.
- Johnny Small (kry tans bestraling in die hospitaal)
- die mense van KwaZulu-Natal
- die erge droogte en watertekort in die Oos-Kaap
- die mense van Oekraïne



Die gemeente se Webwerf en Facebook blad

Op die oomblik hanteer ds. Jaco die Webwerf en Elmiën Thom die Facebook blad. Ons wil hoor of daar enige persoon in die gemeente is wat sal belangstel om dit Desember oor te neem. Indien u sou belangstel, skakel asseblief die kerkkantoor 053 574 0279. Ons wil so gou moontlik reëlings begin tref om die persoon touwys te maak.



Ruach Musiekbediening

Ruach nooi mense wat belangstel om deel van die begeleiersgroep te word, uit om die leier, John John van Niekerk, te kontak. Hulle het 'n behoefte aan meer instrumentaliste en ook nog sangers. Skakel hom by 072 402 2550.